

Graad 6



A DOEL

Om by die Penkop en Drawwertjie:

1. Oplettendheid te bevorder.
2. Die noodsaaklikheid van samewerking tuis te bring.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die nut en gebruike van die kuns van spoorsny ken.
2. Minstens drie diere se spore uitken en afleidings daarvan kan maak.
3. Leer om ook na ander veldtekens op te let. Byvoorbeeld.
 - soos mis en urine,
 - oop sandkolle (rolplekke),
 - gras wat platgelê is,
 - mos teen boomstamme (rigting van son),
 - rigting van takke aan bome,
 - krap en skuurplekke aan rotse en bome,
4. 'n Gipsafdruk van 'n spoor maak.
5. Kennis verfris van al die spoorsnytekens en handseine wat Die Voortrekkers gebruik.
6. Weet hoe 'n spoorsnygroep moet funksioneer.
7. Die teorie van persoonlike vermomming ken en in die praktyk toepas.
8. Kennis maak met drie bekruiptodes en dit kan toepas.
9. Leer hoe om ongesiens in die veld te beweeg.
10. 'n Kunsmatige spoor van een kilometer volg.
11. Die volgende afleidings van 'n mens se spoor kan maak:
 - Hoe groot die persoon is wat die spoor gemaak het.
 - In watter toestand hy is.
 - Het hy geloop, gehardloop of gestrompel.
12. 'n Eenvoudige sketskaart van 'n terrein lees en volg.

C AANBIEDING

Let Wel: Dit is wenslik dat iemand met veldkennis hierdie aanbieding doen. Die kind moet ook daaraan herinner word dat die belangrikste spoor wat gevolg moet word die van Jesus is.

'n Nuttige boek om hier te gebruik is: A fieldguide of the tracks and signs of Southern and East Africa. Skrywers is Chris and Tilde Stewart.

Meer inligting is op die webblad beskikbaar.

1. Hanteer die vereiste deur middel van gesprekke of die stel van vrae.

2. Al is die span nie in die veld nie, kan spore in sand nagmaak word. Daar is boeke in die handel beskikbaar oor dierespoor en bepaalde afleidings wat gemaak kan word.
3. Gee redes vir die verskynsels.
4. Die Offisier moet self deeglik op die hoogte wees van hoe om 'n gipsafdruk te maak en dan die nodige leiding gee. Boeke wat in die handel beskikbaar is, sal die leek hier kan help.
5. Maak soveel van die tekens as moontlik sodat die kind dit sien en nie net daarvan hoor nie. Elke kind kan gevra word om op 'n plankie die tekens op klein skaal te maak met die verduideliking daarby.
6. Die Offisier moet voor die eerste spoorsnyoefening die moets en moenies uitwys en so slaggate voorkom óf die groep op die tog vergesel en die probleme uitwys soos dit opduik óf na die tog die foute uitwys en die korrekte optrede stel.
7. Vereistes 7, 8 en 9 Dit kan as 'n eenheid behandel word. Kenners kan gevra word om die aanbieding te doen. Dit is belangrik dat baie geleentheid vir praktiese oefening gegee word.
8. Vereistes 10 Die "kunsmatige spoor" is 'n spoor wat spesiaal vir die geleentheid gemaak is. Maak ook van natuurlike tekens soos gebreekte takke en skuurmerke teen bome gebruik.
9. Vereiste 11 Die kind moet ingelig word waarna om te kyk as hy die spoor sien en ook watter afleidings gemaak kan word.
10. Vereiste 12 Nadat die gebruik van die sketskaart verduidelik is en die Offisier 'n paar roetes saam met die groep gestap het, kan 'n sketskaart van 'n onbekende deel in die stad of in die veld, aan die groep gegee word met die opdrag om by 'n bepaalde plek uit te kom. Die kinders moet dan 'n roete bepaal om van punt A tot by punt B te kom.